Die Grapkas

Kinderwysheid

"Maak toe die gordyne," vra ons tweejarige. "Die son kyk te skerp na my."

Toe hy gevra is wanneer hy ses sou word, antwoord ons vyfjarige kleinseun: "As ek moeg is van vyf te wees."

Toe ek 'n lastige vlieg een aand by ete probeer verjaag met 'n wit servet, merk my dogter op: "Dalk dink hy Ma gee oor."

Toe ek my dogtertjie vertel dat haar tannie 'n baba het, en dat die baba net soos haar oom lyk, vra sy: "Het die baba dan 'n snor?"

Terwyl ek een aand my vierjarige se hare was, noem ek dat sy hare begin lank word en dat ons dit gou sou moes laat knip. Sy reaksie: "Miskien moet jy dit nie so baie water gee nie."

Een van my vriende komplimenteer ons vyfjarige seuntjie met sy woordeskat. Dadelik reageer hy: "Ek het nog baie woorde in my kop wat ek nog nooit gebruik het nie."

Bron: Mark Mail, http://mrhumor.net/ http://www.witandwisdom.org

Valskermspringers

Nadat ek by die valskermbataljon aangesluit het, vra ek my instrukteur wat ons te wagte was. "Die kursus is drie weke lank," antwoord hy.

"Wat nog?" vra ek.

"Die eerste week skei ons die manne van die seuns," antwoord hy, "en die tweede week skei ons die manne van die idiote."

"En die derde week?"

"Die derde week spring die idiote."

Bron: ArcaMax - http:// www.witandwisdom.org

Voorvereiste

'n Jong rekruut sit voor die militêre dokter om getoets te word. Die dokter vra hom toe wat hy in die weermag wil gaan doen. "Ek wil 'n generaal word," antwoord hy.

"Is jy mal?" vra die dokter.

"Is dit dan 'n voorvereiste?" vra die troep.

Bron: Gerhard se Grapkas griesel(at) futurenet.co.za

Goed gedoen

As jong leraar is ek deur 'n begrafnisondernemer versoek om 'n begrafnisdiens te hou vir 'n boemelaar sonder familie of vriende wat op pad deur ons dorp gesterf het. Die begrafnis sou by 'n nuwe begraafplaas wees, en die man sou die eerste een wees om daar begrawe te word. Ek het die area nie geken nie, het verdwaal en het natuurlik nie stilgehou om pad te vra nie.

Uiteindelik kom ek 'n uur laat daar aan. Ek sien die slootgrawer en die werkers besig om middagete te geniet. Die lykswa is nêrens te sien nie. Ek vra verskoning aan die werkers omdat ek laat is, gaan staan op die rand van die oop graf en sien die houer is reeds laat sak.

Die werkers kom staan toe nader, nog met hulle toebroodjies. Ek het uit skuldgevoel my bes probeer om dit 'n waardige begrafnis te maak, en die werkers het my boodskap met "Amen!" en "Halleluja!" ondersteun.

Uiteindelik maak ek my Bybel toe en stap kar toe. Ek het gevoel dat ek my bes gedoen het om die werkers te bemoedig, ten spyte van my laatkommery. Toe ek my kardeur oopmaak en my baadjie uittrek, hoor ek die een man sê: "Ek het nog nooit so iets gesien nie. En dis nou al 20 jaar wat ek septiese tenks installeer."

DIE HEROUT

NG Gemeente Lyttelton-Oos Januarie 2007

DISSIPELS WAT VRUGTE DRA TOT EER VAN DIE VADER

NEEM KENNIS

Wo 24 Jan 19:00
Bedieningskommissievergadering.

Wo 31 Jan 19:00
KAF vergadering

Sa 3 Feb 10:00
Klub Immergroen

Wo 7 Feb 20:00
Adoramus

Wo 14 Feb 19:00
Kerkraadsvergadering

In hierdie uitgawe:

Ouerskap	3
Bybelstudie	4
Preke	6
Kerklike Jaar	11
Bedieninge	12
Dissipelskap	15
Die Grapkas	16

REDAKSIONEEL

Aan die begin van 'n nuwe jaar is dit gepas vir 'n geloofsgemeenskap om haarself die vraag af te vra: wat is die Here se wil vir ons in 2007? Dit is 'n vraag wat met groot huiwering gevra moet word en wat met groot nederigheid geantwoord moet word. Immers, wie van ons kan aanspraak maak op absolute kennis en wysheid?

Tog kan ons op grond van die leiding van die Here in die verlede tog 'n hele paar versigtige, dog ferm treë die toekoms in gee. Dit het die afgelope paar jaar duidelik geword dat die Here 'n droom vir ons gemeente het. Hy roep ons en taak ons om hierdie droom waar te maak – 'n groot voorreg maar ook 'n groot verantwoordelikheid.

Hierdie droom steun op vyf pilare – waardes wat die skering en inslag vorm van die Here se toekomsvisie vir ons gemeente; nl. *genade, gemeenskap, gebed, groei,* en *gehoorsaamheid.* Ons kies doelbewus vir hierdie waardes teenóór waardes soos *geld, geboue* en *getalle.*

UITBEELDING

'n Mooi uitbeelding van die waardes is op hierdie jaar se gemeenteprogram te sien. Dit is baie maklik om waardes soos trofeë in 'n kas te sit waar dit mooi lyk. Dan haal ons dit soms uit om dit blink te poets en sit dit dan weer terug. Wanneer waardes só funksioneer beteken dit niks. Ons moet hierteen waak deur dit in te bed binne konkrete en lewende verhoudings: met God, met mekaar en met ander. (Verlede jaar se reeks preke hieroor is op ons webblad beskikbaar.)

PRAKTIES

Presies hoe die waardes lyk wanneer dit lewendig word binne hierdie drie verhoudings moet uitgespel en prakties gemaak word. Dit is die rede waarom ons gemeente oor die afgelope paar jaar gewerk het aan die *formulering* van ons

Vervolg op bladsy 2 ➲

Vervolg van bladsy 1

droom. (Sien die agterblad van hierdie uitgawe van Die Herout). Hierdie formulering is die resultaat van insette deur verskeie gemeentelede oor 'n lang tyd.

BELIGGAAM

Maar, natuurlik, kan woorde net woorde bly. Die uitdaging vir ons gemeente is om die woorde hande en voete te gee; dit moet *beliggaam* word. Een van die maniere waarop ons dit kan doen is deur middel van die bedieninge van die gemeente. Elke lidmaat het die voorreg en verantwoordelikheid om op een of ander manier by die een of ander bediening van die gemeente betrokke te raak.

Wanneer die vyf waardes van Lyttelton-Oos Gemeente lewendig word en lewen-dig bly, dan begin ons gemeente se visie 'n werklikheid word: *Dissipels wat vrugte dra toe eer van die Vader.* 'n Dissipel wat vrugte dra is iemand in wie se lewe die vyf waardes van geloof, gemeenskap, gebed, groei en gehoorsaamheid ingemessel is en wat as uitvloeisel hiervan 'n lewe in oorvloed leef; 'n lewe vol liefde, vreugde en vrede.

JANUARIE

'As U nie self saamgaan nie,
moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.'
(Eksodus 33:15)

Ewige God, en in Jesus Christus, ons hemelse Vader

Om van U af weg te draai, is om ons lewensdoel mis te loop -
om U te ken, is om die 'Lewe' te kies!

As ons mét U gaan, sal ons standhou en oorwin,
maar as ons U verlaat en verloën, sal ons ondergaan.

Skenk ons u onmisbare bystand elke dag
in die uitvoering van elke plig;
u leiding in al ons verwarring en onsekerheid;
u bewaring in elke gevaar op ons pad;
u vrede in al ons droefheid, smart en pyn;
u besieling in ons gemeenskap met U.

Ons wil die onbekende nie sonder U binnegaan nie;
hou U ons hand en lei ons veilig na ons ewige bestemming.

Doen dit deur Jesus Christus en u Heilige Gees.

AMEN

(OORGENEEM)

| DISSIPELSKAP |

Hoe lyk 'n dissipel van Jesus Christus?

15 Kenmerke

Dissipels van Jesus Christus gee gestalte aan die waarde van *genade* deur:

- Hulle te VERHEUG in God se liefde en onvoorwaardelike genade en aanvaarding
- Hulle broers en susters in Christus te VERGEWE
- Ander van God se liefde en genade te VERTEL en dit op allerlei maniere te VERTOON.

Dissipels van Jesus Christus gee gestalte aan die waarde van *gemeenskap* deur:

- Op die sorg van die Vader van die geloofsgesin te VERTROU
- Te help om die geloofgesin te VERSORG
- Die vreemdeling en sondaar in die midde van die geloofsgesin te VERWELKOM

Dissipels van Jesus Christus gee gestalte aan die waarde van *gebed* deur:

- Hulle verhouding met die Vader voortdurend te VERDIEP deur tyd in sy teenwoordigheid deur te bring
- Medegelowiges se geloof te VERSTERK deur gesamentlike aanbidding en voorbidding
- Die skanse van die vyand deur intersessie te VERBROKKEL

Dissipels van Jesus Christus gee gestalte aan die waarde van *geloofsgroei* deur:

- Toe te laat dat die Gees hulle lewe VERNUWE
- Hulle gawes te gebruik om medegelowiges te VERRYK
- Hulle wêreld te VERBETER deur sout en lig te wees.

Dissipels van Jesus Christus gee gestalte aan die waarde van *gehoorsaamheid* deur:

- Hulle te VERBIND aan God se droom van 'n nuwe wêreld
- Hulle funksie binne die huisgesin van God te VERVUL
- Hulle koninkryksroeping te ontdek en te VERWESENLIK

| BEDIENINGE |

van ons vroue-lidmate. Gereelde byeenkomste en ander geleenthede word gereël.

Kontakpersoon: Antoinette van Rensburg (012-664-2481)

Die Herout

Die gemeente se maandelikse nuusbrief wat jy nou in jou hand hou kort 'n redaksie! Help om artikels te skryf, nuus in te samel en bladuitleg te doen.

Kontakpersoon: Freddie Schoeman (012-664-3751) of Max Amsenga (012-664-3629)

Gebedsbediening

Hierdie groep doen voorbidding vir die gemeente en vir die koms van God se koninkryk.

Hannelie du Preez (082-908-3992)

Nuwe Intrekkerbediening

Ons wil graag alle nuwe intrekkers in ons gemeente so gou as moontlik deel van ons maak en hulle help om in te skakel.

Kontakpersoon: Carine Blignaut (012-664-3899)

Gesinsbediening

Gesinne, hetsy getroudes met of sonder kinders, enkellopendes of enkelouers, gaan hierdie jaar 'n belangrike fokuspunt in ons gemeente wees. Hierdie bediening kort nog 'n leierskap, struktuur en program. Help om dit te ontwikkel!

Kontakpersoon: Freddie Schoeman

Dink jy dat daar dalk 'n leemte in die gemeente se bedieningsopset is? Of lê die Here 'n saak op jou hart wat nie deur een van die huidige bedieninge ondervang word nie? Of het jy 'n voorstel om te maak wat die gehalte van dienslewering in die gemeente kan verbeter? Skakel dan gerus met Freddie Schoeman (012-664-3751).

| OUERSKAP |



Jy en jou kind se huiswerk

Bron van frustrasie of vreugde?

"Hoe kan ek my kind sover kry om sy huiswerk te doen?"

Dit is die desperate uitroep van menige desperate ouer. Vir baie ouers is skoolprestasie van hulle kinders baie belangrik. Dit laat hulle goed voel as hulle kinders presteer en hulle put 'n groot mate van selfwaarde daaruit. Maar wanneer kinders weier om saam te speel raak hulle gefrustreerd. In baie gesinne is dit die vernaamste bron van konflik tussen ouers en kinders.

Hoe kan hierdie situasie omgekeer word? Opvoedkundige John Rosemond gee in sy boek *Ending the Homework Hassle: Understanding, Preventing, and Solving School Performance Problems,* die volgende drie stukkies raad aan ouers:

Privaatheid

Een: Indien enigsins moontlik, moenie toelaat dat kinders hulle huiswerk in die woonkamer, eetkamer of kombuis doen waar hulle aandag afgetrek word deur die res van die gesin nie.

Gee vir jou kind 'n eie private ruimte om sodoende nie net konsentrasie te verbeter nie maar ook om die gedagte dat hulle self verantwoordelik daarvoor is om hulle huiswerk te doen. Dit is belangrik om kinders te laat vorder van afhanklikheid na onafhanklikheid en selfwerksaamheid.

Moenie help nie!

Twee: Vermy dit sovêr moontlik om enige hulp te gee. Wanneer kinders hulp vra beteken dit nie noodwendig dat hulle werklik hulp nodig het nie.

Dit mag wees dat hulle maar net verlos wil word van 'n moeilike takie en die verantwoordelikheid derhalwe op die ouer(s) wil afskuif.

Hulle mag dalk ook dink dat hulle dit nie self kan doen terwyl hulle wel oor die vermoë beskik. Wanneer ouers egter te vroeg inklim en help bevestig hulle die kind se persepsie dat hulle nie in staat is om die taak uit te voer nie.

Om kinders aan te moedig om eers self te probeer, help om 'n gesonde selfvertroue te kweek wanneer hulle agterkom dat hulle tot baie meer in staat is as wat hulle besef.

Spertyd

Drie: Stel 'n spertyd vas wanneer die huiswerk klaar moet wees. Dit mag dalk in die begin nodig wees vir die ouer om die huiswerk na te gaan, sê byvoorbeeld elke aand om 20:00. Dit leer kinders om hulle tyd te begroot en is baie meer effektief as om 'n begintyd vas te stel.

Die beginsel agter hierdie riglyn is duidelik: kinders moet leer om self verantwoordelikheid vir hulle skoolwerk te neem.

Oor wie gaan dit?

Ouers moet hulleself afvra waarom hulle graag wil hê hulle kinders moet presteer. Gaan dit oor die kind of oor die egobehoeftes van die ouer?

Dit is belangriker dat 'n kind leer om onafhanklik te funksioneer as om 'n rits onderskeidings te verwerf en dan later in die lewe te faal wanneer die ouer nie meer byderhand is om te help nie.

| BYBELSTUDIE |

Markus se evangelie

Die korste en die oudste van die vier

Die woord "evangelie" beteken letterlik "goeie nuus". 'n Evangelie is met ander woorde 'n berig wat 'n goeie tyding bring - en die goeie tyding is dat alles nie vir die mens verlore is nie, maar dat Jesus Christus, die Seun van God en dus ook self God, vrywillig na 'n verlore wêreld gekom het om God se koninkryk te kom vestig. Hy het geleef, geleer, gely, is uiteindelik vals beskuldig, veroordeel en - volgens die gebruik van sy tyd - wreedaardig tereggestel. Maar in sy kruisdood en opstanding uit die dood blyk Hy die Een te wees wat plaasvervangend en herskeppend alles blywend nuut kom maak het vir almal wat in Hom glo.

DIE BOODSKAP VAN DIE MARKUS-EVANGELIE

Deur die verhaal wat Markus vertel, word een van die grootste waarhede van die Christelike geloof duidelik: Wie in Jesus Christus glo en Hom wil navolg, moet bereid wees om op te offer en swaar te kry. Christenskap het nog nooit die belofte ingehou van 'n lewe wat op alle terreine suksesvol en voorspoedig is nie. 'n Mens se geloof moet tot uiting kom in jou gewone menswees - en teenspoed en lyding is deel van gewone menswees in hierdie wêreld.

Markus doen moeite om die mislukkings en onvermoë van Jesus se dissipels en ander volgelinge om in Hom te glo vir sy lesers te skets. Hy volg dit egter telkens op deur van Jesus se onvoorwaardelike liefde vir mense te vertel.

Wie die Markus-evangelie met 'n gelowige oog lees, sal vind dat sy of haar geloof in die Verlosser van die mensdom stelselmatig verdiep. Jesus is God se Seun wat sy lewe vrywillig opgeoffer het ter wille van die mens, skryf Markus. As jy in hierdie Seun van God glo, vind jy dat verlossing te midde van jou lyding en swaarkry 'n werklikheid word en dat dit hoe langer hoe meer in jou doen en late van elke dag geopenbaar word. Uiteindelik is jy dan ook gehoorsaam aan God se roepstem om 'n dissipel van sy eniggebore Seun te wees. Om ter wille van hierdie Seun te ly en selfs bereid te wees om ter wille van sy eer te sterf, word vir jou aanvaarbaar, selfs 'n passie - juis omdat die lewe sonder lyding en swaarkry wat die Seun vir jou in bewaring hou 'n lewensdoel op sigself word.

Markus doen moeite om die mislukkings en onvermoë van Jesus se dissipels en ander volgelinge om in Hom te glo vir sy lesers te skets. Hy volg dit egter telkens op deur van Jesus se onvoorwaardelike liefde vir mense te vertel. So moedig Markus gelowige mense aan om nie te midde van hulle lyding en swaarkry moed te verloor nie, maar aan te hou om Jesus te volg - ongeag die gevolge.

DIE ONTSTAAN VAN DIE MARKUS-EVANGELIE

Die naam Markus was in die eerste eeu nC 'n algemene naam. Daar kan dus nie

| BEDIENINGE |

vir die Gr 1-3's en vir die Gr 4-6'e. Daarna verdeel hulle in kategesegroepe. Verleen hulp met enige een van hierdie twee aktiwiteite.

Kontakpersoon: Petro Dalhouzie 082-326-1911

Tienerbediening

Wees 'n mentor vir 'n groep kinders Gr 7 – 10, help met die reëling van 'n koffie-kroeg elke Sondagaand, of speel 'n instrument of sing in die jeugorkes.

Kontakpersoon: Petro Dalhouzie 082-326-1911

Erediensbediening

Die viering van die kerklike jaar as geleentheid vir geloofsgroei neem 'n baie belangrike plek in ons gemeente in. Om die viering van die verskillende kerkjaartye te beplan en om die kerkgebou sinvol en smaakvol in te rig sodat die boodskap van die betrokke kerkjaartyd effektief oorgedra word deur middel van simboliek en kuns, het ons heelwat entoesiastiese en vaardige mense nodig.

Kontakpersoon: Freddie Schoeman (012-664-3751)

Projeksiebediening

Die projeksiebediening is 'n integrale deel van die erediensbediening en is verantwoordelik daarvoor om tydens elke erediens die projeksie (m.a.w. dit wat teen die muur langs die preekstoel vertoon word) te hanteer.

Kontakpersoon: Willie Potgieter (012-082-908-3424)

Klub Immergroen

Dit ons aksie wat op die senior lidmate in ons gemeente gerig is. Hulle bied op 'n gereelde basis 'n oggendtee aan en bring besoeke aan bejaardes en help met versorging waar moontlik.

Kontakpersoon: Gerty Basson (012-664-2433)

Tee-bediening

Elke Sondag word daar tussen die twee eredienste by die luik by die gemeentesentrum tee beskikbaar gestel sodat die gemeente heerlik rondom 'n koppie tee kan staan en gesels. Meld aan vir 'n beurt om hiermee te help.

Kontakpersoon: Christa Saunders (012-664-3037)

Begrafnisbediening

Help om die bedroefde familie by te staan deur tee en eetgoed voor te berei en te bedien tydens begrafnisse.

Kontakpersoon: Ria Maree (012-664-3364)

Vroue-bediening

Hierdie bediening fokus op die behoeftes

| BEDIENINGE |

‘n Ekstra las maak joune ligter

Ontdek die verskuilde voordeel van dienslewering

Die legende lui dat daar ‘n stam in Indië was wat die alledaagse taak van goederevervoer te voet tot ‘n fyn kuns vervolmaak het. Die vrouens het goedere vervoer deur dit op hulle koppe te balanseer en die mans deur die goedere op hulle skouers te balanseer deur die vrag aan beide kante van ‘n stuk bamboes vas te maak. Wanneer ‘n baba gebore is, is daar nie gevra of dit ‘n seuntjie of ‘n dogtertjie is nie, maar: is die baba ‘n kop-draer of ‘n skouer-draer?

Toe ‘n sendeling in die gebied by geleentheid iemand nodig gehad het om van sy goed te vervoer het een van die lede van hierdie stam ingewillig om dit te doen. Daar was net een probleem: die sendeling se goed was alles in net één sak en daar was nie ‘n ander sak beskikbaar nie. Die stamlid het die probleem opgelos deur ‘n klip te vind wat dieselfde geweeg het as die sak en dit toe aan die ander kant van die stuk bamboes vas te maak! Dit was vir hom *makliker* om ‘n *bykomende* stuk gewig te dra as wat dit was om die oorspronklike sak alleen te dra.

Ons het almal ons eie laste wat ons moet dra deur die lewe: ons eie verantwoordelikhede en pligte wat op ons skouers rus. Maar die Here het ons so geskape dat ons baie *makliker* ons eie las dra wanneer ons ‘n bykomende las *ook* op ons neem. Wanneer ons dus saamstaan en saamwerk en mekaar se laste dra of ‘n las ten opsigte van dienswerk in die gemeente op ons neem, is ons eie las soveel makliker om te dra. Maar dis wanneer ons alleen probeer voortsukkel, dat ons las dalk op die lang duur te swaar vir ons mag raak …

Wil jy dit nie oorweeg om ‘n bykomende las op jou te neem vir hierdie jaar nie? Dit mag dalk net jou eie las ligter maak!

Hieronder is ‘n lys van bedieninge in die gemeente. By die meeste bedieninge is daar nog heelwat hulp nodig. Skakel gerus met die betrokke kontakpersoon en meld aan vir diens!

Bedieninge

Wyksbediening

Ons wil graag in die gemeente ‘n hegte geloofsgemeenskap vorm wat mekaar ken, ondersteun en versorg. Die kleinste eenheid is ‘n wyk en ons eerste en belangrikste doel is om hierdie gemeenskap binne wyksverband te vestig. Dit is hoofsaaklik die taak van die wyksouderling en -diaken, bygestaan deur dienswerkers. Daar is nog ‘n paar wyke wat of nie ‘n ouderling of nie ‘n diaken het nie.

Kontakpersoon: Wally Haywood (012-664-2468)

Kinderbediening

Elke Sondag om 09:00 vind daar drie kinderedienste plaas: vir die voorskoolse groep,

met sekerheid gesê word presies watter Markus die skrywer van hierdie evangelie was nie. Hoewel daar baie Markus-verwysings in die Nuwe Testament voorkom, het die navorsing van die afgelope paar dekades aangetoon dat dit onwaarskynlik is dat die Markus wat Paulus geken het die skrywer van die Evangelie was. Wat ons wel uit die Evangelie self kan aflei, is dat die skrywer 'n Joodse Christen was en dat sy moedertaal nie Grieks was nie.

Hoewel daar baie Markus-verwysings in die Nuwe Testament voorkom, het die navorsing van die afgelope paar dekades aangetoon dat dit onwaarskynlik is dat die Markus wat Paulus geken het die skrywer van die Evangelie was.

Uit Markus se vertelling van die Jesusverhaal is dit ook duidelik dat die Markusevangelie die oudste van die evangelies is. Dit is ongeveer 35 tot 40 jaar ná Jesus se kruisdood geskryf. Markus het ruim van die mondelinge vertellings aangaande die lewe van en die gebeure rondom die persoon van Jesus Christus gebruik gemaak. Hy het hierdie vertellings - en moontlik ook inligting wat hy uit enkele kleiner geskrifte van sy tyd verkry het - verwerk en saamgevoeg in 'n uiters boeiende werk wat vertel van die lyding van God se Seun ter wille van mense. Later was die Markusevangelie op sy beurt een van Matteus en Lukas se bronne vir hulle weergawes van die Jesus-verhaal.

DIE SAMESTELLING VAN DIE MARKUSEVANGELIE

Anders as Matteus en Lukas vertel Markus nie die geskiedenis van Jesus se geboorte en grootwordjare nie. Die feite was immers aan die Christene van die eerste eeu bekend. Markus se verhaal begin by Johannes die Doper (1:1-13) en volg Jesus waar sy bediening in Galilea in volle gang is (1:14-8:30). Wanneer Jesus sy eie dood en opstanding herhaaldelik aankondig (8:31-9:50), bereik Markus se vertelling 'n keerpunt: Die dissipels se onvermoë om Jesus as God se Seun te herken, neem toe, terwyl Hy doelgerig die pad na die kruis begin stap (10:1-13:37). Hoe Hy sy dissipels langs hierdie pad leer maar oënskynlik met min sukses, is opvallend. Sy lyding, kruisdood en opstanding (14:1-16:20) vorm die hoogtepunt van die verhaal. Die dissipels se onvermoë om Jesus te sien vir wie Hy werklik is, spoor Markus se lesers aan om Hom na te volg as die Messias - die langverwagte Een, Verlosser van die ganse mensdom.

Lees in hierdie Kerstyd, regdeur die seisoen van Epifanie en aan die begin van die Lydenstyd die Markusevangelie deur die bril van Markus se eerste lesers, die Christene van die eerste eeu. Moenie toelaat dat sy eerste eeuse dissipels se blindheid jou verwar nie. Sien Hom en dien Hom as Jesus Christus, die Seun van God - jou Verlosser.

JACO VAN NIEKERK

(WOORDWYSER)



Woordwyser is ‘n dag tot dag Bybelleesprogram wat die gelowige stapgewys deur ‘n Bybelboek begelei en help om die Bybel beter te verstaan. Dit is beskikbaar teen R75 en bestellings kan Sondae by die inligtingstafel geplaas word of skakel Freddie Schoeman by 084 581 8139.

| PREKE |

Christina Landman

Prof Christina Landman het oor die Kerstyd 'n aantal besondere boodskappe in Lyttelton-Oos gelewer. Op versoek plaas ons graag die volgende opsommings daarvan.

Kersdiens
25 Desember 2006

MARIA HET GEANTWOORD:

"Ek prys die Here,
Ek juig in God my Verlosser"

Aansteek van die Christuskers: Prof WA Landman

SKRIFLESING:

Die loflied van Maria: Lukas 1:46-49

Ek prys die Here,
Ek juig in God my Verlosser!
Want Hy het omgesien
Na die nederige diensmeisie,
En nou sal geslag na geslag my geseënd noem.
Want Hy, die magtige Een, is heilig
Hy het groot dinge vir my gedoen.
Heilig is sy Naam

EVA

Eva ly baie verliese maar sy behou haar verhouding met God
Sy gee vir haar kinders name wat God se genade vier, en nie sy straf nie
Kain beteken: Ek het met behulp van die Here 'n kind voortgebring
Abel beteken: Ek is nietig, maar God is genadig
Set beteken: God het vir my 'n ander seun gegee in die plek van Abel

MARIA DIE GESEËNDE

Lukas 1 en 2 direk deur Maria aan Lukas vertel

Maria vertel van haar lewe van seën

Engel Gabriël groet haar met die woorde: Ek groet jou, geseënde vrou. Die Here is met jou

Elisabet groet haar met die woorde: Geseënde vrou

DIE SEËNGROET IN ISRAEL

Wanneer jy iemand seëngroet, dra jy iets van jou siel aan daardie persoon oor
Jy dra "mag" oor, maar mag as kosbaarheid, skoonheid, die krag van jou siel, jou binneste
Jy wens iemand toe dat God iets van sy krag/skoonheid aan daardie persoon sal oordra, en dat hy/sy dit verder sal ontwikkel

SEËN

God seën die skepping in Genesis, mens ingesluit (seën meeste in Genesis)
Priester seën mense aan die einde van die tempeldiens (sien Psalms)
Dominee seën mense wanneer hy/sy hulle uitstuur uit die kerk om wysheid en goeie waardes in die samelewing te gaan versprei

Tien kerse

Vir tien maniere om geseënd te lewe gedurende Kersfees en die komende jaar

| KERKLIKE JAAR |

Lydenstyd

Nuwe hoop word altyd in donker tye gebore

Met Kersfees en Epifanie agter die rug is dit nou tyd om aandag te gee aan die heel belangrikste en grootste fees van kerk: paasfees. Die opstanding van Jesus Christus is dié gebeurtenis wat nie net geboorte gegee het aan die kerk nie, maar ook die heel belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die ganse mensdom is.

Hierdeur het God sy koningsheerskappy onherroeplik kom vestig deur magte van die bose en die dood te oorwin.

Genoegsame voorbereiding noodsaaklik

Weens die belangrikheid van hierdie gebeurtenis is dit vir gelowiges gebiedend noodsaaklik om onsself genoegsaam voor te berei om dit te vier. Daarom word Paasfees voorafgegaan deur 'n voorbereidingstydperk wat ons Lydenstyd noem. Gedurende Lydenstyd kry ons die geleentheid om onsself te ondersoek, ons diepste motiewe in heroënskou te neem, onsself voor die Here te verootmoedig en uiteindelik onsself opnuut weer aan Hom toe te wy.

Ons begin hierdie tydperk van selfondersoek, sondebesef en skuldbelydenis met Aswoensdag. Hierdie jaar vind dit plaas op 21 Februarie. Ons vier dit in ons gemeente met 'n vroegoggenddiens (6:30) wat die aand herhaal word vir (19:00) diegene wat nie die oggendgeleentheid kon bywoon nie.

As-diens

In die verlede het ons Aswoensdag rondom 'n nagmaalsgeleentheid ingerig maar hierdie jaar volg ons die meer tradisionele roete, nl. 'n As-diens. Dit is 'n diens waartydens gelowiges geleentheid kry om na te dink oor hulle sonde en sterflikheid en hulleself geestelik in te stel en voor te berei om die Lydenstyd binne te gaan. 'n Askruis word op gelowiges se voorkoppe aangebring as 'n simbool dat Jesus vir ons sondes aan 'n kruis betaal het.

Kyk realiteit vierkantig in die oë

Vir charismatiese gelowiges wat dink dat alles net moet goed gaan in die lewe en 'n soetsappige hande-klap soort geloof nastreef, mag die klem op sonde en sterflikheid effe morbied voorkom. Maar as ons wil toelaat dat die Here ons voorberei om in die werklike lewe te leef as sy dissipels, is dit noodsaaklik om die realiteit vierkantig in die oë te kyk.

Slegs wanneer ons dit doen, kan ons hoopvol in hierdie wêreld leef.

In die verlede het ons Aswoensdag rondom 'n nagmaalsgeleentheid ingerig maar hierdie jaar volg ons die meer tradisionele roete, naamlik 'n As-diens.

| PREKE |

Christina Landman

Olie is die simbool van **GOEIE WERKE** — ons moet die olie goed gebruik en nie mors nie (ons moet die planeet en ons verhoudings oppas)

ONS MOET ONS INSTEL OP GOD SE AGENDA

Net soos die meisies raak ons verveeld of moedeloos van die wag, terwyl ons eerder 'n partytjie wil hê.

Eerder moet ons ons instel op God se agenda terwyl ons wag.

Om te wag en kalm te bly is vandag een van die moeilikste vaardighede wat daar is.

DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE SAL KOM

Die koninkryk van die hemele is reeds hier – en ons moet dit uitbrei in die wagtydperk

Maar dit sal ook kom in volle heerlikheid – miskien nie met die eerste nag-waak nie, maar met die tweede een.

HOOP VIR 2007

Die gelykenis van die vyf wyse maagde en die koninkryk van die hemele gee ons hoop vir 2007

Dis vir almal

Ons kan iets daaraan doen

Ons het die bronne

Ons het God se agenda

Ons het die hoop op die wederkoms

Om jou te inspireer en te lei

Van nou af

Tot in ewigheid

| PREKE |

Christina Landman

Eerste kers: Wanneer jy jou kanse gebruik om eerbaar te leef (Maria omvorm haar "skande")

Tweede kers: Wanneer jy jou kanse gebruik om 'n lewe van waarde te lewe (Maria word 'n dissipel)

Derde kers: Wanneer jy 'n positiewe rolmodel kan navolg en uiteindelik een kan wees (Elisabeth)

Vierde kers: Wanneer jy probleme kan oplos (Maria!)

Vyfde kers: Wanneer jy sin aan jou lewe kan gee (Maria)

Sesde kers: Wanneer jy jou eie en ander mense se talente kan raaksien (Maria en Jesus op 12)

Sewende kers: Wanneer jy ander mense se probleme kan raaksien, en met "compassion" daarop kan reageer (Maria en Jesus)

Agste kers: Wanneer jy 'n bydrae kan maak tot vrede, geregtigheid en menslikheid in die samelewing (Maria se loflied)

Negende kers: Wanneer jy deur jou geloof kan groei (Maria)

Tiende kers: (Jou eie unieke verhouding met God)

'N GESEËNDE KERSFEES EN NUWE JAAR U TOEGEWENS BETEKEN 'N JAAR VAN

Eerbaarheid
Self-waarde
Positiewe rolmodelle
Probleemoplossing
Singewing
Talente raaksien
Probleme raaksien7
Bydraes maak
In geloof groei
Jou unieke verhouding met God uitbou

Oggenddiens
31 Desember 2006

TEMA: GROEI VOLGENDE JAAR VERBY JOU PYN

SKRIFLESING: Markus 4:3-9 - Die gelykenis van die saaier

DIE GELYKENIS VAN DIE BOER EN SY SAAD

Die saad val op 'n voetpaadjie en die voels pik dit op.

Die saad val op klipperige aarde sonder diepte, skiet op maar verlep.

Die saad val tussen die dorings en verstik toe dit opkom.

Die saad val op goeie grond en bring 'n oes voort.

TEMA: GROEI VERBY JOU PYN

Saul kyk na Goliat en se: Daardie man is te groot om te oorwin.

Dawid kyk na Goliat en së: Daardie man is te groot om te mis!

Dit maak saak hoe jy na jou pyn kyk, en watter posisie jy daarteenoor inneem.

VRAAG AAN DIE GELYKENIS

Waarom saai die saaier so orals?

In die tyd is daar eers gesaai en toe geploeg

God saai ook op plekke waar die Woord waarskynlik nie sal groei nie

| PREKE |

Christina Landman

VIER SOORTE GROND IS VIER TYE IN ONS LEWENS

Soms groei niks by ons nie, omdat iets/ iemand die Woord by ons steel.

Soms groei die Woord net 'n rukkie by ons, en dan verloor ons belangstelling.

Soms is die sorge van die lewe so groot, dat dit ons verstik soos dorings, en dan kan ons nie verby ons pyn groei nie.

Maar elkeen van ons kan tot wysheid en geluk groei deur ons geloof

HIERDIE PREEK

Vandag praat ons oor die derde periode: Wanneer sorge ons lewens so oorneem, dat ons nie meer die krag het om te groei nie.

Hoe kom ons oor ons pyn en ons verliese en ons sorge, om weer te kan groei? Hoe groei ons verby ons pyn en verliese dat ons weer ons volwaardige plek in God se koninkryk kan inneem?

VERANTWOORDELIKHEID

Ek gaan self verantwoordelikheid neem om my pyn te oorkom, en nie ander die skuld daarvoor gee nie.

(Een manier om verantwoordelikheid te ontduik is om bv te sê: My ouers het my nooit geleer om vir myself te sorg nie. Hulle het my nooit laat voel ek kan verantwoordelikheid neem nie)

ERKENNING

Ek gaan erken dat ek 'n verlies gely het, en dat dit pyn veroorsaak het.

(Mense wat bv 'n kind verloor het, sal sê dat al wat sal help is dat die kind moet terugkom)

KEUSE

Ek gaan kies om verby my pyn te groei.

(As jy jou pyn sit en poets gaan jy nêrens heen groei nie.)

TOEWYDING

Ek gaan myself toewy aan my nuwe keuse deur 'n paar lewenstylveranderinge te maak. Ek gaan my daaraan toewy om verby my pyn te groei.

(Miskien kan u self hier dink aan mense wat onmoontlike hartseer en verlies oorkom het)

5 AANPASSING

Ek gaan my aanpas by 'n lewe sonder my verlies.

Ek gaan aanpas by 'n lewe waar ek verby my pyn en verliese gegroei het.

EK KAN VERBY MY PYN GROEI

Wanneer ek verantwoordelikheid daarvoor neem

Wanneer ek erken dat ek 'n verlies gely het en pyn het

Wanneer ek 'n keuse maak om by my pyn verby te groei

Wanneer ek my toewy aan my keuse

Wanneer ek aanpas by 'n lewe met minder bitterheid en pyn

DIE VIERDE SOORT GROND

Dan is ons gereed om 'n oes voort te bring

Ek wens u toe dat u in 2007, die 7de jaar van die nuwe millennium, 'n jaar sal beleef waar u verby u pyn en verliese en bitterheid sal kan groei, en 'n oes sal voortbring tot u eie heil, die van die gemeente, en die van die gemeenskap.

| PREKE |

Christina Landman

Middernagdiens
31 Desember 2006

SKRIFLESING: Matteus 25:1-13 - Die gelykenis van die vyf wyse maagde

TEMA: Die koninkryk van die hemele in 2007

Wat is 'n gelykenis?

'n Gelykenis kyk in twee rigtings:

'n Gelykenis kyk na die hier en die nou, die aardse, en wil vir ons wysheid leer

'n Gelykenis kyk vooruit na die hemelse dinge

DIE GELYKENIS VAN DIE 5 WYSE MAAGDE

Die gelykenis vertel ons dat die koninkryk van die hemele reeds hier is, maar dat ons in 'n wagtydperk is

DIE GELYKENIS VAN DIE 5 WYSE MAAGDE

Die gelykenis vertel ons dat die koninkryk van die hemele reeds hier is, maar dat ons in 'n wagtydperk is

Die gelykenis vertel ons ook dat die koninkryk van die hemele enige oomblik in volle heerlikheid sal kom

TEMA VIR VANAAND

Ons gaan vandag kyk na hoe lyk die koninkryk van die hemele hier op aarde, en hoe ons dit in 2007 kan uitbrei terwyl ons wag op die bruidegom.

Vyf gaan 'n belangrike rol speel:

Vyf wyse maagde

Vyf dinge wat ons oor die koninkryk van die hemele hier op aarde gaan leer

DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE HIER OP AARDE IS VIR ALMAL

'n Meisie van 12 het geen seggenskap oor haar lewe gehad nie.

Tog gebruik Jesus meisies om te sê: die koninkryk van die hemele is vir almal

Oud en jonk, magteloos en sterk, man en vrou…

Die koninkryk maak ons waardige mense – hier op aarde al

DIE KONINKRYK IS ONS ALMAL SE VERANTWOORDELIKHEID

Meisies wat nie verantwoordelikheid in die samelewing kon neem nie, kry hier 'n baie verantwoordelike taak: hulle moet self sien om genoeg olie te hê.

Die dwase meisies aanvaar dat daar vir hulle gesorg sal word.

Dis onwys om te lewe asof die wêreld vir ons en die koninkryk van God sal sorg

Ons moet self verantwoordelikheid neem vir die koninkryk van die hemele – wat reeds hier is

TERWYL ONS WAG, MOET ONS ONS BRONNE GOED GEBRUIK

Die grootste gedeelte van die gelykenis gaan oor wag

Dis nie toevallig dat ons wag nie — dit skei die verstandiges en die dwase

Die lampie is die simbool van die **LEWE** — ons moet nie spaar op die lewe nie